Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
epos/email: skollier@maraisviljoen.co.za; hilde@maraisviljoen.co.za
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643' E28°07.972'
(T): 011 869 2103 / 011 907 9013/4 (F): 011 869 5171

10 Maart 2017

Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 8 (2017)

1. ASSESSERING OP 17 MAART

Ons herinner u daaraan dat dit die skool se beleid is dat daar altyd die dag voor 'n langnaweek of skoolvakansie 'n amptelike toets of assesseringstaak deur die leerders geskryf word.

Neem asb. kennis dat al die leerders op 17 Maart Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid of Tegniese Wiskunde sal skryf. Hierdie toets vervang die Afrikaans wat vir daardie dag geskeduleer is. **Daar sal op 24 Maart geen toets geskryf word nie, aangesien dit nie 'n langnaweek is nie.**

Indien 'n leerder vir die assessering afwesig is, moet 'n doktersbrief ingehandig word, anders sal die leerder nul kry.

2. GRAAD 12-EKSTRA KLASSE

Ons graad 12's het op Woensdagmiddae van 14:15 tot 15:00 en Donderdagoggende van 07:00 tot 7:40 ekstra klas. Tydens hierdie klasse gaan die personeel aan met die sillabus, m.a.w. dit is nie opsioneel vir die leerders om die ekstra klasse by te woon nie. Hierdie klasse is verpligtend. Ons doen 'n beroep op ons ouers om seker te maak dat die kinders by die skool is vir die ekstra klasse.

3.FURYBOEKIES

U kind het reeds die Furyboekie ontvang. Die teiken is dat elke leerder **TWEE** boekies moet verkoop en ons het, soos verlede jaar, 'n aantal aansporingsmaatreëls in plek gestel waarvan u ook kennis moet neem.

- Vir elke vol boekie wat verkoop word, kry 'n leerder + 50 positiewe punte of 50 lojaliteitsure.
- Graad 8- en 9-voogklasse wat gemiddeld 2 boekies per leerder verkoop, kry 'n dag af.
- Graad 8- en 9-voogklasse wat 'n gemiddeld van 3 boekies verkoop, kry 'n tweede dag af.
- By graad 10-, 11- en 12-leerders sal die hele graad 'n dag afkry indien 'n gemiddeld van 2 boekies per leerder per graad verkoop is.
- U ondersteuning met hierdie projek sal baie waardeer word. U ondersteun nie net die skool nie, maar ook u kind.

4. SBA'S

Neem asseblief kennis dat alle SBA's by die skool moet bly en nie huis toe mag gaan nie. Volgens departementele beleid moet alle SBA's altyd by die skool wees. Die leerders ontvang egter hulle SBA's nadat dit gemerk is en die memorandums word met hulle bespreek sodat moontlike foute in die merkproses reggestel kan word.

5. BETALINGS AAN SKOOL

Ons wil u aandag daarop vestig dat ons geen gelde wat deur u inbetaal is, kan terugbetaal nie. Vir elke aktiwiteit word daar 'n begroting opgestel en dan word die betalings daarvolgens uitgewerk. Daar word in ag geneem hoeveel kinders aan die aktiwiteit deelneem en dan word die bedrag verskuldig uitgewerk. Indien u kind van 'n aktiwiteit onttrek, kan ons dus nie die geld terugbetaal nie, omdat u kind deel van die begroting uitgemaak het.

6. VERKOPE BY DIE SKOOL

Slegs die snoepie mag eet- en drinkgoed by die skool verkoop. Niemand anders mag enige iets verkoop nie, aangesien slegs die snoepie 'n kontrak het om verkope te mag doen.

7. PUKREEKS SEMI-FINAAL

Op 26 en 27 April vind die PUK semi-finaal plaas. Neem asseblief kennis dat hierdie die begin van 'n langnaweek is. Ons versoek u egter om seker te maak dat u kind aan hierdie wedstryde sal deelneem, aangesien dit vir uiterste belang is.

8. EERLIKE LEERDERS

Ons wil die volgende leerders bedank vir hulle eerlikheid en hulp: Tayla Daw, Carina Faria, Seff Johnstone, Tenisha Roos, Codi Sapire en Nirvaghan Pillay wat onderskeidelik geld, 'n tablet en selfoon opgetel het en hulp verleen het. Baie dankie!

9. PROGRAM

Maandag 13 Maart	Toets Hulpklasse : Gr 8 – 12 Gholf: Proewe A-liga Hokkie: o/14 Seuns vs Chairmans Kooroefening	 14:15 – 15:15 17:45 – 21:00	 Reading Kempton Edenvale
Dinsdag 14 Maart	Hokkie: o/15 Seuns vs Chairmans		Edenvale
Woensdag 15 Maart	Graad 12-ekstraklas (k3) PUK: Tennis, Skaak, Hokkie seuns vs Jeugland Grade 11 Group Orators:	14:15 – 15:00 19:00	 Weg Sir John Adamson

Donderdag 16 Maart	Graad 12-ekstraklas (k1) PUK: Rugby, Netbal, Hokkie meisies vs Jeugland Hokkie: o/18 Seuns vs Chairmans	07:00 – 07:40	Weg Edenvale
Vrydag 17 Maart	Toets Hokkie: Seuns B-span vs Willowmore		

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING